

Nataniël deel sy kosgeheime, resepte en sêgoed met besoekers in die Kookpot

Kaas – 'n ideale pasmaat vir pret en plesier

deur Karien Slabbert

Die vooruitsigte van kaas, wyn en lekker kuier het hierdie jaar 22 500 besoekers na die jaarlikse Kaasfees, wat vanaf 28 April tot 1 Mei op die Bien Donné-landgoed buite Franschoek plaasgevind het, gelok. Volgens die feesorganiseerders, Agri-Expo, weerspieël dié groot getalle besoekers, die groeiende kaas-en-wynbedryf in Suid-Afrka.

Een honderd en sewentig uitstallers van regoor Suid-Afrika het die geleentheid gebruik om by die fees uit te stal. Buiten die verskeidenheid wynuitstallers wat oudergewoonte daar was, het die feesorganiseerders hierdie jaar ook besluit om olywe, vrugte, neute, pesto en ander gourmetkosse by die wenresep te voeg. Die nuwe Mall, waar die produkte uitgestal is, het kaas se veelsydigheid aan verbruikers bekend gestel. Hier kon besoekers aan heerlike kaas-"bykosse" proe.

Volgens Kobus Mulder, Agri-Expo bestuurder: suiwel, is die hoof doel van die fees om kaas te bemark en kaasverbruik in Suid-Afrika te stimuleer. *M&J Retail* het met 'n klompie bekende kaasboetieks, groter kaasmakers en die kleinhandel gaan gesels om uit te vis waarom hulle jaar na jaar by die Kaasfees uitstal.

Altyd iets nuuts

Healey's Cheese van Somerset-Wes was een van die vele nuwe uitstallers by vanjaar se fees. Volgens James Healey is dit merkwaardig hoe ingelig en entoesiasties die gemiddelde feesganger oor kaas is. Mauro Delle Donne van Zandam Kaas, 'n veteraanuitstaller wat sedert 1998 by die Kaasfees betrokke is, was verbaas oor die hoeveelheid

Straatmusikante trakteer besoekers by een van die opelugrestaurante

Agri-Expo, wat vanjaar sy 175ste bestaansjaar vier, het hierdie jaar besoekersgetalle met 1 000 mense per dag verminder en die uitleg van die fees hersien, om skares beter te beheer

Een van die 33 uitstallers in die Mall wys hulle unieke produkte aan besoekers

mense wat die fees jaar ná jaar lok. "Agri-Expo het homself oortref deur die fees te vernuwe en feesgangers se belangstelling te behou," sê hy.

Verbruikersopvoeding

Die Kaasfees gee verbruikers die geleentheid om meer oor kaas se veelsydigheid te leer en om verskillende variëteite te vergelyk, sê Elizabeth de Klerk van Clover. Buiten goeie blootstelling kry hulle ook goeie verkoopsyfers tydens die fees, sê sy.

"Die fees is 'n ideale manier om verbruikers van die verskillende tipes kase te leer," sê Giovanna Delledronne van Zandam. Daar is elke jaar meer besoekers by die fees, wat 'n ideale platform bied om nuwe produkte aan die publiek bekend te stel, meen sy.

Die bekendstelling van nuwe produkte

Volgens Lanie Marys van La Rochelle Hexvalleibokmelkkaas, is mense nuuskierig en hou hulle van proe. Marys sê die fees bied die gulde geleentheid om nuwe produkte bekend te stel en om kennis oor verbruikers op te bou. Volgens Sheryl-Ann Potgieter van Prod Patra, gee die Kaasfees hulle 'n plaform om hulle unieke skaapmelkkaas aan verbruikers te bemark.

Blootstelling

Gloria Scheffers van Turkels Tradisionele Kase, sê hulle is reeds 'n bekende naam by Kaapse kaasliefhebbers. "Die Kaasfees help met verdere bemarking en blootstelling." Scheffers glo ook dat die fees 'n goeie manier is om

Unique speaks volumes about your products

From turnkey projects to servicing a multitude of packaging requirements, Unique specialises in meeting the demands and specifications of its customer's processes.

Rotary Filling Machine

- Conveyors
- Capping machines
- PLC automation
- Collating machines
- Bottle washing machines
- Form, Fill and Seal machines
- Self-adhesive labelling machines
- Gear pump, piston, gravity and rotary filling machines
- Shrink sleeve label applicators and heat shrink tunnels
- Wet glue labellers

Double Head Labeller

Conveyor and Labeller

UNIQUE FILLING & LABELLING

...filling your needs is our speciality

Cor. Bird & Field Roads, Lilianton, Boksburg 1460
PO Box 13043, Witfield, Gauteng 1467, South Africa
Durban: 082 457 3410

Tel.: +27 11 826 6111 Fax: +27 11 823 3439
Website: www.ufl.co.za Email: ufl@uniqueeng.co.za
Cape Town: 082 896 0075

kwaliteit aan verbruikers te bewys.

Annemarie Cameron van Ladismith Kase beskou blootstelling as 'n belangrike rede waarom hulle elke jaar by die Kaasfees uitstal. "Mense sien hoe lyk jou produk en herken dit dan later wanneer hulle inkopies doen," sê Cameron.

Bemarkingsgeleenthede

Die fees bied die gulde geleetheid om hulle reeks plaaslike en internasionale kase aan verbruikers voor te lê. "Dit is die ideale bemarkingsgeleentheid vir ons verskeidenheid produkte," sê Kate Erasmus van Woolworths.

Danielle See van Simonsig sê die Kaasfees bied goeie algemene bemarkingsgeleenthede. "Mense proe jou produk, wat tot baie verkope na die fees lei," sê Sara Reed van Lancewood Cheese. Die fees gee besoekers ook 'n kans om verskillende kase te proe en terselfdertyd te leer. Verder help dit om 'n kwaliteithandelsnaam by verbruikers te vestig, meen sy. **M&JR**

Kaasliefhebbers peusel en proe aan Ladysmith Kase se verskeidenheid produkte

Fresh products demand fresh ideas and Nampak, in conjunction with our world-class Research and Development facility, continually **leap at the opportunity to evolve packaging solutions** that complement the industry's passion for innovation. If you are interested in what we have to offer, please give one of our conveniently located branches a call today!

Bloemfontein
Tel: 051 435 3815
Fax: 051 435 3824

Durban
Tel: 031 792 8300
Fax: 031 792 8340

Johannesburg HO
Tel: 011 249 5200
Fax: 011 249 5232

Polokwane
Tel: 015 223 5152
Fax: 015 223 7074

Vryburg
Tel: 053 927 1842
Fax: 053 927 4941

Cape Town
Tel: 021 507 3000
Fax: 021 507 3002

East London
Tel: 043 731 2285
Fax: 043 731 2286

Johannesburg Factory
Tel: 011 474 0231
Fax: 011 474 8221

Port Elizabeth
Tel: 041 486 1530
Fax: 041 486 2241

"As packaging supplier to a wide range of dairy products, we at Nampak are proud of our relationship with the South African dairy industry."

Nampak Liquid

www.nampak.com